BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

R0,40 Maandag 23 Mei 1988 WINDHOEK Monday 23 May 1988 No. 5547

INHOUD:

*Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**

No. 89 Wysiging van Regulasies betreffende Natuurbewaring ..................... 1

No. 90 Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975: Bekendmaking van Jagseisoen, 1988 en Wysiging van Bylaes ................. 12

CONTENTS:

*Page*

**GOVERNMENT NOTICES**

No. 89 Amendment of Regulations relating to Nature Conservation ................. 1

No. 90 Nature Conservation Ordinance, 1975: Notification of Hunting Season, 1988 and Amendment of Schedules ............. 12

## Goewermentskennisgewings

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. 89 1988

WYSIGING VAN REGULASIES BETREFFENDE NATUURBEWARING

Die Kabinet het kragtens artikel 84 van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975), die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 240 van 1976 verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

## Government Notices

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. 89 1988

AMENDMENT OF REGULATIONS RELATING TO NATURE CONSERVATION

The Cabinet has under section 84 of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), further amended the regulations promulgated by Government Notice 240 of 1976 as set out in the Schedule.

BYLAE

1. Die woordbepalings word hierby gewysig deur na die omskrywing van "kano" die volgende omskrywing in te voeg:

" 'meesterjaggids' iemand wat ingevolge hierdie regulasies as meesterjaggids geregistreer is;".

2. Regulasie 60 word hierby gewysig deur die bedrag "50 sent" deur die bedrag "R2,00" te vervang.

3. Regulasie 101 word hierby gewysig deur die volgende paragraaf by te voeg:

"(d) registrasie van meesterjaggidse R50,00 per meesterjaggids.".

4. Regulasie 104 word hierby gewysig deur die voorbehoudsbepalings by subregulasie (2) te skrap.

5. Regulasie 106 word hierby gewysig -

(a) deur in subregulasie (2) die woord "Administrateur-generaal" deur die woord "Direkteur" te vervang; en

(b) deur die volgende subregulasie by te voeg:

"(3) Sodanige advertensie, brosjure of pamflet moet al die dienste wat deur die adverteerder aangebied word, uiteensit.".

6. Regulasie 107 word hierby gewysig -

(a) deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(1) Enige manlike persoon wat permanent in die Gebied woonagtig is en wat -

(a) die eienaar is van 'n safari-onderneming of gasteplaas; of

(b) in die voltydse diens is van 'n safari-onderneming of gasteplaas en -

SCHEDULE

1. The definitions are hereby amended by the insertion after the definition of "canoe" of the following definition:

" 'master hunting guide' means any person who has been registered as a master hunting guide in terms of these regulations;".

2. Regulation 60 is hereby amended by the substitution for the amount "50 cents" of the amount "R2,00".

3. Regulation 101 is hereby amended by the addition of the following paragraph:

"(d) registration of master hunting guides R50,00 per master hunting guide.".

4. Regulation 104 is hereby amended by the deletion of the provisos to subregulation (2).

5. Regulation 106 is hereby amended -

(a) by the substitution in subregulation (2) for the words "Administrator General" of the word "Director"; and

(b) by the addition of the following subregulation:

"(3) Such an advertisement, brochure or pamphlet shall state all the services offered by the advertiser.".

6. Regulation 107 is hereby amended -

(a) by the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:

"(1) Any male person who is permanently resident in the Territory and who -

(a) is the owner of a safari undertaking or guest farm; or

(b) is in the full-time employment of a safari undertaking or guest farm and -

(i) ingevolge regulasie 114(2) minstens twee jaar praktiese opleiding as 'n leerlingjagter voltooi het; of

(ii) vir 'n tydperk van minstens twee jaar as meesterjaggids geregistreer is en minstens twaalf jagtogte in daardie hoedanigheid gelei het,

kan by die Kabinet aansoek doen om as beroepsjagter geregistreer te word.";

(b) deur paragraaf (p) van subregulasie (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(p) vermoë om trofeë volgens die Suidwes-Afrikaanse formule vir die meting van trofeë en die Safari Club International- en Roland Ward-standaarde te meet;";

(c) deur in subregulasie (2) die volgende paragraaf by te voeg:

"(r) kennis met betrekking tot die jag van olifante, buffels, leeus en luiperds,";

(d) deur paragraaf (c) van die voorbehoudsbepaling by subregulasie (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(c) nie meer as drie beroepsjagters ten opsigte van enige gasteplaas geregistreer word nie.";

(e) deur paragraaf (d) van die voorbehoudsbepaling by subregulasie (3) te skrap;

(f) deur subregulasie (6) te skrap;

(g) deur paragraaf (a) van subregulasie (8) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) Behoudens die bepalings van paragraaf (c), mag geen beroepsjagter wat uit die diens van 'n safari-

(i) has in terms of regulation 114(2) completed at least two years practical training as a trainee hunter; or

(ii) has been registered as a master hunting guide for a period of at least two years and has led at least twelve hunting expeditions in that capacity,

may apply to the Cabinet to be registered as a professional hunter.";

(b) by the substitution for paragraph (p) of subregulation (2) of the following paragraph:

"(p) ability to measure trophies according to the South West African formula for the measurement of trophies and the Safari Club International and Roland Ward standards;";

(c) by the addition to subregulation (2) of the following paragraph:

"(r) knowledge in relation to the hunting of elephant, buffalo, lion and leopard,";

(d) by the substitution for paragraph (c) of the proviso to subregulation (3) of the following paragraph:

"(c) not more than three professional hunters shall be registered in respect of any guest farm.";

(e) by the deletion of paragraph (d) of the proviso to subregulation (3);

(f) by the deletion of subregulation (6);

(g) by the substitution for paragraph (a) of subregulation (8) of the following paragraph:

"(a) Subject to the provisions of paragraph (c), no professional hunter who has resigned or has been dis-

onderneming of gasteplaas bedank het of ontslaan is, enige van sy funksies as beroepsjagter uitoefen nie alvorens hy weer in die voltydse diens van 'n safari-onderneming of gasteplaas getree het en skriftelik deur die Direkteur daartoe gemagtig is.";

(h) deur paragraaf (c) van subregulasie (8) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(c) Indien 'n beroepsjagter wat uit die diens van 'n safari-onderneming of gasteplaas bedank het of ontslaan is, nie binne 60 dae na sodanige bedanking of ontslag in die voltydse diens van 'n safari-onderneming of gasteplaas tree nie, verval sy registrasie as beroepsjagter,"; en

(i) deur die volgende paragraaf by subregulasie (8) te voeg:

"(d) 'n Beroepsjagter kan met sy toestemming en met die skriftelike goedkeuring van die Direkteur tydelik, maar nie vir meer as drie maande per jaar nie, aan die diens van 'n ander safari-onderneming of gasteplaas as die een waar hy in diens is, afgestaan word.".

7. Regulasie 108 word hierby gewysig -

(a) deur paragraaf (b) van subregulasie (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) geen persoon -

(i) onder die ouderdom van 18 jaar; of

(ii) wat nie permanent in die gebied woonagtig is nie,

as jaggids geregistreer word nie.";

missed from the service of a safari undertaking or guest farm, shall perform any of his functions as a professional hunter before he has again taken up full-time employment with a safari undertaking or guest farm, and has been authorised thereto in writing by the Director.";

(h) by the substitution for paragraph (c) of subregulation (8) of the following paragraph:

"(c) If a professional hunter who has resigned or has been dismissed from the service of a safari undertaking or guest farm, does not take up full-time employment with a safari undertaking or guest farm within 60 days after such resignation or dismissal, his registration as professional hunter shall lapse."; and

(i) by the addition to subregulation (8) of the following paragraph:

"(d) A professional hunter may, with his consent and with the written approval of the Director, be seconded temporarily, but not for more than three months per year, to the service of any other safari undertaking or guest farm than the one with which he is employed.".

7. Regulation 108 is hereby amended -

(a) by the substitution for paragraph (b) of subregulation (1) of the following paragraph:

"(b) no person -

(i) under the age of 18 years; or

(ii) who is not permanently resident within the Territory,

shall be registered as a hunting guide.";

(b) deur paragraaf (1) van subregulasie (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(l) vermoë om trofeë volgens die Suidwes-Afrikaanse formule vir die meting van trofeë en die Safari Club International- en Roland Ward-standaarde te meet;";

(c) deur paragrawe (c) en (d) van die voorbehoudsbepaling by subregulasie (3) te skrap; en

(d) deur subregulasie (6) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(6) 'n Jaggids se bevoegdhede is beperk tot die jag- of gasteplaas ten opsigte waarvan hy as jaggids geregistreer is.".

8. Die volgende regulasie word hierby in die regulasies na regulasie 108 ingevoeg:

"Registrasie van Meesterjaggids

108A. (1) 'n Persoon wat vir 'n tydperk van minstens twee jaar as jaggids geregistreer is en wat minstens twaalf jagtogte in daardie hoedanigheid gelei het, kan by die Kabinet aansoek doen om as meesterjaggids geregistreer te word.

(2) Die Kabinet kan een of meer natuurbewaarders of ander persone wat hy as bevoeg beskou aansê om die aansoeker se vermoë en kennis met betrekking tot die in regulasie 108(2) bedoelde aangeleenthede en sy algemene vaardigheid en bevoegdheid in verband daarmee te herondersoek en aan hom verslag te doen in verband daarmee.

(3) Die bepalings van subregulasies (3), (4) en (5) van regulasie 108 is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot die registrasie van 'n persoon as meesterjaggids ingevolge subregulasie (1).

(4) 'n Meesterjaggids se bevoegdhede is beperk tot die jag- of gasteplaas ten opsigte

(b) by the substitution for paragraph (1) of subregulation (2) of the following paragraph:

"(l) ability to measure trophies according to the South West African formula for the measurement of trophies, and the Safari Club International and Roland Ward standards;";

(c) by the deletion of paragraphs (c) and (d) of the proviso to subregulation (3); and

(d) by the substitution for subregulation (6) of the following subregulation:

"(6) The powers of a hunting guide shall be limited to the hunting or guest farm in respect of which he is registered as a hunting guide.".

8. The following regulation is hereby inserted in the regulations after regulation 108:

"Registration of Master Hunting Guide

108A. (1) Any person who has been registered as a hunting guide for a period of at least two years and has led at least twelve hunting expeditions in that capacity, may apply to the Cabinet to be registered as a master hunting guide.

(2) The Cabinet may direct one or more nature conservators or other persons who are in its opinion competent, to re-examine the applicant's ability and knowledge in relation to the matters referred to in regulation 108(2) and his general skill and competence in connection therewith and report to it in connection therewith.

(3) The provisions of subregulations (3), (4) and (5) of regulation 108 shall apply *mutatis mutandis* in relation to the registration of a person as a master hunting guide in terms of subregulation (1).

(4) The powers of a master hunting guide shall be limited to the hunting or guest farm

waarvan hy as meesterjaggids geregistreer is en, met die skriftelike goedkeuring van die Direkteur, tot hoogstens twee ander jagplase.

9. Regulasie 109 word hierby gewysig deur die volgende subregulasie by te voeg, terwyl die bestaande regulasie subregulasie (1) word:

"(2) Geen beroepsjagter mag 'n trofeejagter tydens 'n jagtog vir die doeleindes van trofeejag in huisvesting van 'n laer standaard as dit waarvoor sy safari-onderneming of gasteplaas geregistreer is, huisves nie.".

10. Regulasie 110 word hierby gewysig deur na die woord "beroepsjagter", waar dit die eerste maal voorkom, en na die woord "jaggids", waar dit die tweede maal voorkom, die woord "meesterjaggids" in te voeg.

11. Regulasie 111 en die opskrif daarvan word hierby gewysig deur na die woord "beroepsjagter" die woord "meesterjaggids" in te voeg.

12. Regulasie 114 word hierby gewysig -

(a) deur in paragraaf (b) van subregulasie (1) na die woord "beroepsjagter" die woord "meesterjaggids" in te voeg;

(b) deur in subregulasie (3) na die woord "beroepsjagter" die woord "meesterjaggids" in te voeg; en

(c) deur in subregulasie (5) na die woord "beroepsjagter", oral waar dit voorkom, die woord "meesterjaggids" in te voeg en die bedrag "R200 000,00" deur die bedrag "R500 000,00" te vervang.

13. Regulasie 115 word hierby gewysig -

(a) deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

in respect of which he is registered as a master hunting guide and, with the written approval of the Director, to a maximum of two other hunting farms.".

9. Regulation 109 is hereby amended by the addition of the following subregulation, the existing regulation becoming subregulation (1):

"(2) No professional hunter shall during a hunting expedition for purposes of trophy hunting accommodate a trophy hunter in accommodation of a lower standard than that for which his safari undertaking or guest farm has been registered.".

10. Regulation 110 is hereby amended by the insertion after the words "professional hunter", where it occurs for the first time, and after the words "hunting guide", where it occurs for the second time, of the words "master hunding guide".

11. Regulation 111 and the heading thereof is hereby amended by the insertion after the words "professional hunter" of the words "master hunting guide".

12. Regulation 114 is hereby amended -

(a) by the insertion in paragraph (b) of subregulation (1) after the words "professional hunter" of the words "master hunting guide";

(b) by the insertion in subregulation (3) after the words "professional hunter" of the words "master hunting guide"; and

(c) by the insertion in subregulation (5) after the words "professional hunter", wherever they occur, of the words "master hunting guide" and by the substitution for the amount "R200 000,00" of the amount "R500 000,00".

13. Regulation 115 is hereby amended -

(a) by the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:

"(1) 'n Permit vir die jag van wild of wilde diere vir die doeleindes van trofeë, word slegs uitgereik aan 'n beroepsjagter, meesterjaggids of jaggids wat namens 'n trofeejagter skriftelik daarom aansoek doen, of 'n persoon wat skriftelik daartoe gemagtig is deur 'n beroepsjagter, meesterjaggids of jaggids en wat skriftelik daarom aansoek doen: Met dien verstande dat 'n jaggids of meesterjaggids nie 'n permit mag uitneem vir die jag van wild of wilde diere vir die doeleindes van trofeë op enige ander plaas as dié waarop hy ingevolge regulasie 108(6) of 108A(4), na gelang van die geval, gemagtig is om sy bevoegdhede uit te oefen nie."; en

(b) deur subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) Die permitgelde bedra R25,00 per permit: Met dien verstande dat geen permitgelde gehef word ten opsigte van probleemdiere nie.".

14. Regulasie 117 word hierby gewysig -

(a) deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(1) Nie later nie as die laaste dag van November van elke kalenderjaar moet elke beroepsjagter, meesterjaggids en jaggids 'n skriftelike opgawe aan die Direkteur verstrek waarin vermeld word -

(a) hoeveel safari's of jagtogte hy gedurende die jaar gelei het;

(b) die datum of datums waarop elke sodanige safari of jagtog plaasgevind het en die naam, nommer en registrasie-afdeling van elke plaas waarop tydens sodanige safari's of jagtogte gejag is;

(c) die hoeveelheid van elke soort wild of wilde dier wat in daardie jaar

"(1) A permit for the hunting of game or wild animals for the sake of trophies shall be issued only to a professional hunter, master hunting guide or hunting guide who applies therefor in writing on behalf of a trophy hunter, or a person authorised thereto in writing by such professional hunter, master hunting guide or hunting guide and who applies therefor in writing: Provided that a hunting guide or master hunting guide shall not take out any permit for the hunting of game or wild animals for trophy purposes on any farm other than that on which he is authorised in terms of regulation 108(6) or 108A(4), as the case may be, to exercise his powers."; and

(b) by the substitution for subregulation (2) of the following subregulation:

"(2) The permit fees shall be R25,00 per permit: Provided that no permit fees shall be charged in respect of problem animals.".

14. Regulation 117 is hereby amended -

(a) by the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:

"(1) Not later than the end of November of every calender year every professional hunter, master hunting guide and hunting guide shall submit a written return to the Director in which the following is stated -

(a) the number of safaris or hunting expeditions led by him during the year;

(b) the date or dates on which each such safari or hunting expedition took place and the name, number and registration division of every farm which was hunted on during such safaris or hunting expeditions;

(c) the number of each species of game or wild animals hunted under

onder sy toesig vir die doeleindes van trofeë gejag is;

(d) die naam en land van herkoms van elke trofeëjagter wat hom op safari's of jagtogte gedurende die jaar vergesel het;

(e) welke trofeë binne die standaarde van die Suidwes-Afrikaanse formule vir die meting van trofeë geval het;

(f) alle trofeë mates, gemeet volgens die Safari Club International-standaard."; en

(b) deur in subregulasie (2) na die woord "beroepsjagter" die woord "meesterjaggids" in te voeg.

15. Regulasie 118 word hierby gewysig -

(a) deur in paragraaf (a) na die woord "jaggids", oral waar dit voorkom, die woord "meesterjaggids" in te voeg; en

(b) deur in paragraaf (b) na die woord "jaggids" die woord "meesterjaggids" in te voeg.

16. Regulasie 125 word hierby gewysig deur subregulasie (2) te skrap.

17. Die volgende hoofstuk word hierby na Hoofstuk XII ingevoeg:

"HOOFSTUK XIIA

JAG VAN JAGBARE WILD EN UITVOER VAN WILD EN WILDSVLEIS

128A. (1) 'n Persoon wat 'n permit verlang vir die jag van jagbare wild soos vereis deur subartikel (1)(a) van artikel 30 van die Ordonnansie, moet skriftelik daarom aansoek doen en moet by sodanige aansoek die skriftelike magtiging in subartikel (1)(b) van daardie artikel bedoel, aanheg.

his supervision for the sake of trophies during that year;

(d) the name and country of origin of each hunter who accompanied him on safaris or hunting expeditions during the year;

(e) which trophies fell within the South West African formula for the measurement of trophies;

(f) all trophy measurement, measured according to the Safari Club International standard."; and

(b) by the insertion in subregulation (2) after the words "hunting guide" of the words "master hunting guide".

15. Regulation 118 is hereby amended -

(a) by the insertion in paragraph (a) after the words "hunting guide", wherever they occur, of the words "master hunting guide"; and

(b) by the insertion in paragraph (b) after the words "hunting guide" of the words "master hunting guide".

16. Regulation 125 is hereby amended by the deletion of subregulation (2);

17. The following chapter is hereby inserted after Chapter XII:

"CHAPTER XIIA

HUNTING OF HUNTABLE GAME AND EXPORT OF GAME AND GAME MEAT

128A. (1) Any person who requires a permit for the hunting of huntable game as required by subsection (1)(a) of section 30 of the Ordinance, shall apply therefore in writing and shall attach to such application the written authority referred to in subsection (1)(b) of that section.

(2) Die permitgelde bedra R25,00 per permit.

128B. (1) 'n Persoon wat 'n permit bedoel in artikel 49(1) van die Ordonnansie verlang vir die uitvoer van lewendige wild of wilde diere of die karkasse of rouvelle van wild of wilde diere of die rouvleis daarvan anders as in die vorm van die heel karkas van die dier, moet skriftelik daarom aansoek doen en moet in sodanige aansoek die volgende inligting verstrek:

(a) die naam en die woon- en posadres van die aansoeker;

(b) die naam en adres van die persoon waarheen sodanige lewendige wild of wilde diere, karkasse, rouvelle of rouvleis uitgevoer gaan word;

(c) die naam van die eienaar of huurder van elke plaas, en die naam, nommer en registrasie-afdeling van elke sodanige plaas, waarvandaan sodanige lewendige wild of wilde diere, karkasse, rouvelle of rouvleis afkomstig is, of, indien gekoop van 'n gelisensieerde wildhandelaar of gelisensieerde slagter, die naam en adres van sodanige wildhandelaar of slagter;

(d) met betrekking tot die lewendige wild of wilde diere, karkasse, rouvelle of rouvleis wat uitgevoer staan te word -

(i) in die geval van lewendige wild of wilde diere of die karkasse van wild of wilde diere, die soort of soorte van sodanige wild of wilde diere en die hoeveelheid van elke sodanige soort;

(ii) in die geval van die rouvelle van wild of wilde diere, die soort of soorte wild of wilde diere, en die hoeveelheid van elke sodanige soort, waarvan sodanige velle afkomstig is; en

(iii) in die geval van die rouvleis van wild of wilde diere wat anders as in die vorm van die heel karkas van die dier uitgevoer gaan word, die soort of soorte wild of wilde diere, en die hoeveelheid van elke sodanige soort, waarvan sodanige vleis afkomstig is.

(2) The permit fees shall be R25,00 per permit.

128B (1) Any person who requires a permit referred to in section 49(1) of the Ordinance for the export of live game or wild animals or the carcasses or raw skins of game or wild animals or the raw meat thereof otherwise than in the form of the whole carcass of the animal, shall apply therefor in writing and in such application provide the following information:

(a) the name and the home and postal address of the applicant;

(b) the name and address of the person to whom such live game or wild animals, carcasses, raw skins or raw meat will be exported;

(c) the name of the owner or lessee of each farm, and the name, number and registration division of each such farm, from which such live game or wild animals, carcasses, raw skins or raw meat originated or, if bought from a licensed game dealer or licensed butcher, the name and address of such game dealer or butcher;

(b) in relation to the live game or wild animals, carcasses, raw skins or raw meat to be exported:

(i) in the case of live game or wild animals or the carcasses of game or wild animals, the species of such game or wild animals and the number of each species;

(ii) in the case of the raw skins of game or wild animals, the species, and the number of each such speices, from which such skins originated; and

(iii) in the case of the raw meat of game or wild animals to be exported otherwise than in the form of the whole carcass of the animal, the species, and the number of each such species, from which such meat originated.

(2) (a) Iemand wat aansoek doen om 'n permit vir die uitvoer van lewendige wild of wilde diere of die karkasse daarvan of die rouvleis daarvan anders as in die vorm van die heel karkas van die dier, moet wanneer hy aldus aansoek doen -

(i) indien sodanige lewendige wild of wilde diere, karkasse of rouvleis ooreenkomstig die bepalings van subartikel (2) van artikel 47 van die Ordonnansie deur hom gekoop is, die in subartikel (3)(a) van daardie artikel bedoelde dokument voorlê; of

(ii) indien die wild of wilde diere waarvan sodanige karkasse of rouvleis afkomstig is, deur hom gejag is, die permit, skriftelike magtiging of skriftelike toestemming waarkragtens sodanige wild of wilde diere gejag is, voorlê.

(b) Geen permit in subregulasie (1) bedoel word aan enige persoon ten opsigte van enige lewendige wild of wilde diere of die karkasse of die rouvleis daarvan uitgereik nie, tensy sodanige lewendige wild of wilde diere of die wild of wilde diere waarvan sodanige karkasse of rouvleis afkomstig is, wettiglik ooreenkomstig die bepalings van die Ordonnansie gevang, gejag of gekoop is, na gelang van die geval.

(3) Die permitgelde vir die uitvoer van die karkasse of rouvleis van wild of wilde diere bedra:

(a) ten opsigte van enige spleethoewige dier so groot soos of kleiner as 'n springbok -

(i) in die geval van 'n heel karkas, R12,00 per karkas;

(ii) in die geval van rouvleis, R12,00 per karkas waarvan sodanige vleis afkomstig is, hetsy sodanige vleis dié van 'n hele karkas of slegs 'n gedeelte daarvan is; en

(b) ten opsigte van enige spleethoewige dier groter as 'n springbok -

(i) in die geval van 'n heel karkas, R25,00 per karkas;

(2) (a) Any person who applies for a permit for the export of live game or wild animals or the carcasses thereof or the raw meat thereof otherwise than in the form of the whole carcass of the animal, shall, when he so applies -

(i) if such live game or wild animals, carcasses or raw meat have been bought by him in accordance with the provisions of subsection (2) of section 47 of the Ordinance, produce the document referred to in subsection (3)(a) of that section; or

(ii) if the game or wild animals from which such carcasses or raw meat originated, have been hunted by him, produce the permit, written authority or written permission under which such game or wild animals were hunted.

(b) No permit referred to in subregulation (1) shall be issued to any person in respect of any live game or wild animals or the carcasses or raw meat of any game or wild animals, unless such live game or wild animals or the game or wild animals from which such carcasses or raw meat originated have been lawfully caught, hunted or purchased in accordance with the provisions of the Ordinance.

(3) The permit fees for the exportation of the carcass or the raw meat of game or wild animals shall be:

(a) in respect of any cloven-footed animal as big as or smaller than a springbok -

(i) in the case of a whole carcass, R12,00 per carcass;

(ii) in the case of raw meat, R12,00 per carcass from which such meat originated, whether such meat is that of a whole carcass or only a portion thereof; and

(b) in respect of any cloven-footed animal bigger than a springbok -

(i) in the case of a whole carcass, R25,00 per carcass;

(ii) in die geval van rouvleis, R25,00 per karkas waarvan sodanige vleis afkomstig is, hetsy sodanige vleis dié van 'n hele karkas of slegs 'n gedeelte daarvan is.

18. Regulasie 147 word hierby gewysig -

(a) deur in paragraaf (1)(i) die uitdrukking "1,40 meter" deur die uitdrukking "1,20 meter" te vervang;

(b) deur in paragraaf (1)(v) die woord "elf" deur die woord "tien" te vervang; en

(c) deur in paragraaf (2) die woorde wat subparagraaf (i) voorafgaan deur die volgende uitdrukking te vervang:

" 'n jakkalsdraadheining wees soos omskryf in artikel 2 van die Omheiningsproklamatie, 1921 (Proklamasie 57 van 1921) of 'n jakkalsdraadheining wees wat ooreenkomstig die volgende standaarde opgerig is -".

19. Regulasie 148 word hierby gewysig -

(a) deur in paragraaf (i) die uitdrukking "2,5 meter" deur die uitdrukking "2,3 meter" te vervang; en

(b) deur paragraaf (iv) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(iv) met, tot op 'n hoogte van minstens 1,20 meter, gegalvaniseerde staal- of staaldoringdrade gespan ooreenkomstig die bepalings van regulasie 147(1)(v) en, vir die res van die voorgeskrewe hoogte, minstens vyf staal- of staaldoringdrade, gespan hoogstens 200 mm van mekaar, met uitsondering van die boonste draad wat hoogstens 300 mm van die volgende draad gespan mag wees; en".

---

(ii) in the case of raw meat, R25,00 per carcass from which such meat originated, whether such meat is that of a whole carcass or only a portion thereof.

18. Regulation 147 is hereby amended -

(a) by the substitution in paragraph (1)(i) for the expression "1,40 metres" of the expression "1,20 metres";

(b) by the substitution in paragraph (1)(v) for the word "eleven" of the word "ten"; and

(c) by the substitution in paragraph (2) for the words preceding subparagraph (i) of the following words:

"a jackal-proof fence as defined in section 2 of the Fencing Proclamation, 1921 (Proclamation 57 of 1921) or a jackal-proof fence erected in accordance with the following standards -".

19. Regulation 148 is hereby amended -

(a) by the substitution in paragraph (i) for the expression "2,5 metres" of the expression "2,3 metres"; and

(b) by the substitution for paragraph (iv) of the following paragraph:

"(iv) with, up to a height of at least 1,20 metres, galvanised steel or steel-barded wire strands put up in accordance with the provisions of regulation 147(1)(v) and, for the remainder of the prescribed height, at least five steel or steel barbed wire strands put up not more than 200 mm from each, excluding the top strand which may be put up not more than 300 mm from the next strand; and".

---

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. 90 1988

ORDONNANSIE OP NATUURBEWARING, 1975: BEKENDMAKING VAN JAGSEISOEN, 1988 EN WYSIGING VAN BYLAES

Hierby word ingevolge artikel 25(2) van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975), bekend gemaak dat die Kabinet -

(a) kragtens artikel 25(1)(a) van genoemde Ordonnansie -

(i) die tydperk vanaf 28 Mei 1988 tot en met 31 Julie 1988 bepaal het as die jagseisoen waartydens wild genoem in Bylae 5 by genoemde Ordonnansie (jagbare wild) ingevolge artikel 30, maar behoudens die ander bepalings van genoemde Ordonnansie, gejag mag word;

(ii) die tydperk vanaf 1 Augustus 1988 tot en met 30 September 1988 bepaal het as die jagseisoen waartydens wild genoem in Bylae 6 by genoemde Ordonnansie (jagbare wildvoëls) ingevolge artikel 32, maar behoudens die ander bepalings van genoemde Ordonnansie, gejag mag word;

(b) kragtens artikel 25(i)(c) van genoemde Ordonnansie -

Bylae 4 by die Ordonnansie gewysig het deur die volgende naam te skrap:

"Vlaktesebra (equus burchelli)"

(c) kragtens artikel 25(3) van genoemde Ordonnansie -

(i) die in paragraaf (a)(i) bedoelde jagseisoen van toepassing gemaak het ten opsigte van die hele Gebied, uitgesonder die volgende gedeeltes:

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. 90 1988

NATURE CONSERVATION ORDINANCE, 1975: NOTIFICATION OF HUNTING SEASON, 1988 AND AMENDMENT OF SCHEDULES

It is hereby made known in terms of section 25(2) of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), that the Cabinet has -

(a) under section 25(1)(a) of the said Ordinance -

(i) determined the period from 28 May 1988 up to and including 31 July 1988 as the hunting season during which game mentioned in Schedule 5 to the said Ordinance (huntable game) may be hunted in terms of section 30, but subject to the other provisions of the said Ordinance;

(ii) determined the period from 1 August 1988 up to and including 30 September 1988 as the hunting season during which game mentioned in Schedule 6 to the said Ordinance (huntable game birds) may be hunted in terms of section 32, but subject to the other provisions of the said Ordinance;

(b) under section 25(i)(c) of the said Ordinance -

amended Schedule 4 to the Ordinance by the deletion of the following name:

"Plains Zebra (equus burchelli)"

(c) under section 25(3) of the said Ordinance -

(i) made the hunting season referred to in paragraph (a)(i) applicable to the whole of the Territory, excluding the following parts:

(aa) die gemeenskaplike grond van die Herero's bedoel in artikel 32 van die Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Herero's, 1980 (Proklamasie AG. 50 van 1980);

(bb) die gemeenskaplike grond van die Namas bedoel in artikel 27 van die Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Namas, 1980 (Proklamasie AG. 35 van 1980);

(cc) die gemeenskaplike grond van die Owambo's bedoel in artikel 32 van die Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Owambo's, 1980 (Proklamasie AG. 23 van 1980);

(dd) die gemeenskaplike grond van die Capriviane bedoel in artikel 32 van die Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Capriviane, 1980 (Proklamasie AG. 29 van 1980); en

(ee) die gebied bekend as Boesmanland omskryf in Bylae C by Goewermentskennisgewing 1196 van 1970;

(ii) die in paragraaf (a)(ii) bedoelde jagseisoen van toepassing gemaak het ten opsigte van die hele Gebied, uitgesonderd daardie gedeeltes bedoel in subparagrawe (i)(aa), (bb), (cc) en (ee); en

(iii) die wysiging van Bylae 4 in paragraaf (b) bedoel ten opsigte van die hele Gebied van toepassing gemaak het.

---

(aa) the communal land of the Hereros referred to in section 32 of the Representative Authority of the Hereros Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 50 of 1980);

(bb) the communal land of the Namas referred to in section 27 of the Representative Authority of the Namas Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 35 of 1980);

(cc) the communal land of the Owambos referred to in section 32 of the Representative Authority of the Owambos Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 23 of 1980);

(dd) the communal land of the Caprivians referred to in section 32 of the Representative Authority of the Caprivians Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 29 of 1980); and

(ee) the area known as Bushmanland defined in Schedule C to Government Notice 1196 of 1970;

(ii) made the hunting season referred to in paragraph (a)(ii) applicable to the whole of the Territory, excluding those parts referred to in subparagraphs (i)(aa), (bb), (cc) and (ee); and

(iii) made the amendment of Schedule 4 referred to in paragraph (b) applicable to the whole of the Territory.

---